Mnr. Leon Bekker Vrydag saam met die haai op die rotse.

VISSERYE BESLUIT OOR STAPPE

Man 'wou haai net terug in water kry'

Hengelaar sê hy is ná die voorval met die dood gedreig

EUGENE GUNNING
George

Inligting oor die voorval toe 'n grootwithaai verlede Vrydag op Mosselbaai gevang is, is aan die afdeling visserye van die departement van landbou, bosbou en visserye oorhandig.

'n Verslag word opgestel en daarna sal besluit word of opgetree gaan word.

'n Woordvoerder van Oceans Research op Mosselbaai het gister gesê die afdeling visserye moet nou besluit wat gaan gebeur. "Ons wou die onwettige vang van 'n grootwithaai onder die publiek se aandag bring. Ons hoop dat die wette van die land toegepas sal word."

Mnr. Heindrich Wyngaard, woordvoerder van die afdeling visserye, het gisternmiddag gesê een van twee stappe kan gedoen word as die afdeling se ondersoek daarop dui dat die bewerings teen die individu korrek is: Hy kan óf beboet word óf 'n klag kan by die polisie aanhangig gemaak word.

Die man midde-in die storm, mnr. Leon Bekker van George, het ontken dat hy die haai gevang het.

Volgens hom het hy bloot gehelp om dit terug in die water te kry. Daar was ook ses ander hengelaars. Hy ken hulle nie en weet nie wie die haai gevang het nie.

Volgens Bekker was mnr. Ryan Johnson van Oceans Research dreigend en het hom nie kans gegee om sy kant te stel nie.

Bekker is baie ongelukkig oor die aantygings teen hom. "Ek is nou soos die ou in 'n kroeg wat 'n gevegprobeer keer en toe word ek betrek."

Hy het nog nooit 'n grootwithaai gevang nie en weet dit is onwettig. Volgens Bekker het hy doodsdreigemente ná die voorval ontvang.

Mnr. Enrico Gennari van Oceans Research het gesê Bekker het wel gehelp om die haai weer in water te kry, maar dit was eers 'n hele ruk later en ná druk van omstanders.

Mnr. Johann Strauss, voorsitter van die Suid-Kaapse kushengelvereniging, het gesê grootwithaaie tel nie meer punte in hul kompetisies nie.

Hengelaars wat by die vang van grootwithaaie betrokke is, gee georganiseerde hengel 'n swak naam.

"As ons lede betrokke is by sulke voorvalle, sal daar teen hulle optetree word," het Strauss gemaan.

Georganiseerde hengel is ten gunste van die bewaring van die land se kuslyn.